

**Woensdag 25 Oktober**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 12:7-12**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 12:7**

### **Tug as opvoeding**

In die wedloop van die geloof sak jy dikwels uit. Swaarkry en lyding laat jou soms aan God se liefde en die waarheid van sy beloftes twyfel. Vertwyfeling en kleingeloof wil jou soms laat tou opgooi (Matt. 14:31).

Jy sak uit omdat jy teen swaarkry en lyding vaskyk. Jy fokus nie op Jesus Christus nie. Wat is jou lyding in vergelyking met syne? Hy het nie terugge-deins nie, maar dit geduldig verdra.

Sommige mense (soos Job se vriende) sê dat aanvegtinge en erge beproewinge bewyse is dat jy nie God se kind is nie. Alle mense word beproef. Van 'n gelowige word egter verwag om nie opstandig te wees nie, maar om geduldig te aanvaar en te verdra.

Deur sy Woord en Gees verbrysel God jou siel. Hy verander die gesindheid van jou hart (Ps. 51:10). Soos jou ouers jou in liefde getug het, is Hy besig om deur sy tugtiging jou dissipline te leer.

Wie tug as liefdeshandeling aanvaar, word daardeur geoefen. Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel. Soms is die tugtiging wat ons op daardie oomblik deurmaak, pynlik. Deur al die tranes heen skenk Hy egter innerlike vrede en gemoedsrus. Dit bewerk lewensvolheid en geluk.

Tugtiging is sy opvoeding waardeur jy geleer, geoefen en gedissiplineer word (Deut. 8:5) om meer en meer dankbaar onder sy wil te buig. Op die-selfde wyse het selfs Christus, deur lyding heen, gehoorsaamheid geleer (Heb. 2:10, 18; 5:8).

Wie op Christus fokus, leef in vreugde met 'n lewende hoop op die ewige erfenis (1 Pet. 1:3-9).

*Sing: Psalm 89:12 (1936)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*